

Skriflesing: Openbaring 13:11 – 18

Teks: **Openbaring 13:11-12**

Sing: **VOORAF SANG- Ps. 105:1,2**

TYDENS EREDIENS- Sb. 5-3 (8):1,3; Ps. 119:28; Sb. 2-5 (35): 1,2; Sb. 2-7 (37):1

Openbaring 13:11 – 18

Rev 13:11 Toe het ek 'n ander dier gesien wat uit die aarde uit kom. Hy het twee horings gehad soos 'n lam s'n, maar hy het soos 'n draak gepraat.

Rev 13:12 Hy oefen al die gesag van die eerste dier namens hom uit. Hy maak dat die aarde en die bewoners daarvan die eerste dier aanbid, dié een waarvan die dodelike wond genees het.

Rev 13:13 Hy doen groot tekens, sodat hy selfs vuur van die hemel af op die aarde laat kom vir die mense om te sien.

Rev 13:14 Aan hom is daar mag gegee om wondertekens namens die dier te doen, waardeur hy die bewoners van die aarde mislei. Hy sê die bewoners van die aarde ook aan om 'n beeld op te rig vir die dier wat die litteken van die slagmes het en wat weer lewend geword het.

Rev 13:15 Aan hom is daar ook mag gegee om asem in die dier se beeld te blaas, sodat die beeld kan praat en almal kan laat doodmaak wat nie die beeld aanbid nie.

Rev 13:16 Hy verplig al die mense, klein en groot, ryk en arm, vryes en slawe, om 'n merk op hulle regterhand of op hulle voorkop te dra

Rev 13:17 en laat niemand toe om te koop of te verkoop nie, behalwe die mense wat die merk het. Die merk is die naam van die dier of die getal van sy naam.

Rev 13:18 Hier is wysheid nodig. Wie verstand het, kan die getal van die dier ontsyfer, want dit is 'n mens se getal. Sy getal is ses honderd ses en sestig.

Skriflesing: Openbaring 13:11 – 18

Teks: **Openbaring 13:11-12**

Sing: **VOORAF SANG- Ps. 105:1,2**

TYDENS EREDIENS- Sb. 5-3 (8):1,3; Ps. 119:28; Sb. 2-5 (35): 1,2; Sb. 2-7 (37):1

Geliefde gemeente in ons Here Jesus Christus, Openbaring 13 laat ons beseef wanneer ons so direk met Satan en sy meelopers gekonfronteer word, dan leer ons Satan ook op 'n manier beter ken. Een van die eienskappe wat ons dadelik vandag moet raaksien is hoe Satan vir God wil probeer naboots. Ons weet dat die Here Hom aan ons openbaar as die Drie-enige God, Hy die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

Selfs hierin is Satan besig om God te wil na-aap. In Openbaring 13 sien ons hierdie drieheid wat nooit 'n eenheid kan wees soos wat God Self 'n Drie-enige God is nie. Satan, die antichris en vandag kom die derde deel van Satan se nabootsing op die voorgrond nl. die valse profeet. Satan, die antichris en die valse profeet is waarmee ons te make het. Die antichris het ons verlede Sondag reeds gesien as die dier uit die see. Vandag kom op die voorgrond die dier uit die aarde wat ons moet raaksien as die valse profeet.

Op 'n manier is hierdie dalk die gevaarlikste deel waarmee ons in die wêreld van die bose mee gekonfronteer kan word. Waar die dier uit die see 'n monsteragtige afgryslike figuur was met sewe koppe en tien horing en nog weer krone op hierdie tien koppe en een van die koppe dodelik

gewond, maar nou is dit besig om te genees. Die dier uit die aarde lyk heel anders as die dier uit die see, maar albei staan in Satan se diens.

Die dier uit die aarde lyk op die oog af nie so gevaarlik nie, maar dis juis dit wat hom so gevaarlik maak! 'n Lam met twee horings. So lank sy stem stil was lyk dit regtig nie gevaarlik nie. Dit lyk maar soos 'n dier wat uit die aarde kom, 'n lam op hierdie aarde, ja hierdie ou aarde waarop ons is en lewe. Hy kom uit die mensdom voort. Selfs sekere kenmerke kan maak dat mense hom met Christus kan verwar. Want in die grootste dele van Openbaring word Christus met die beeld van 'n lam verbind en nou skielik kom Satan ook as 'n lam voor. Sag op die oog, hy loop rond in skaapsklere, maar wag maar tot hy sy mond oopmaak.

Hierdie dier kan wel praat, 'n profeet se werk is om te praat. Sy gepraat maak hom uiters gevaarlik. Die oomblik toe hy praat dan verander dinge. Sy voorkoms wat hom soos 'n lam laat lyk verander, want hy het soos 'n draak gepraat. Hierby hou dit nie op nie. Ons lees verder hy het baie gesag, ja hy oefen al die gesag van die antichris namens hom uit. Verder is hy baie instrumenteel in hoe die antichris al hoe meer aanhang en dienaars in hierdie wêreld gaan kry.

Ons lees in vers 12 dat dit juis die valse profeet is wat maak dat die aarde en die bewoners die eerste dier aanbid. Weer word die aspek van die genesing van daardie besondere wond benadruk. Dit gaan juis om die dier waarvan die dodelik wond genees het wat nou al meer aanbidders lok. Ons moet onthou al die horings en krone en heerskappye wat aan die dier uit die see gegee was. Oor dit alles het by die dier uit die see gestaan 'n naam van godslastering. Een enkele naam van godslastering was oor al die koppe en krone geskryf.

Ja, in alles wil hulle God laster en daarmee is die valse profeet by uitstek mee besig. Hy is egter 'n wolf in skaapsklere. Ons sien dit in hoe hy op die toneel verskyn, ons sien dit in sy werkswyse, ons sien dit ook in sy getal. Kom ons, ons eerste al meer toespits op hoe hy op die toneel gaan bly verskyn. Daarna kyk ons uitgebreid na sy werkswyse en op die einde kyk ons na sy getal.

Sy oorsprong en verskyning:

Jesus het ons baie duidelik gewaarsku dat in hierdie wêreld moet ons wakker wees. In die bekende Bergrede van ons Here lees ons in Mattheus 7:15- 15 *“Pas op vir die vals profete. Hulle kom na julle toe in skaapsklere, maar in werklikheid is hulle verskeurende wolwe.* Dit is presies waarmee hierdie valse profeet, die grootse valse profeet onder die valse profete mee besig is. Op die oog af in sy verskyning en voorkoms lyk hy nie gevaarlik nie.

Dit lyk eintlik na ’n wonderlike verskyning te wees. Hy kry groot en mooi dinge reg. Hy wat ook vuur uit die hemel kan laat neerdaal in nabootsing hoe Elia dit ook kon gedoen het. Al die wonderlike dinge wat hierdie valse profeet in woord en daad regkry word in ons gelese hoofstuk direk en duidelik aangedui. Ons lees in vers 13- 13 *Hy doen groot tekens, sodat hy selfs vuur van die hemel af op die aarde laat kom vir die mense om te sien. 14 Aan hom is daar mag gegee om wondertekens namens die dier te doen, waardeur hy die bewoners van die aarde mislei.*

In sy verskyning skuil daar ook alreeds ’n ander gevaar. Hy wat vuur van die hemel na die aarde laat kom vir die mense om te sien, laat ons besef hierdie vuur uit die hemele het niks te make met die hemele waarmee ons God en ons Here Jesus Christus mee vereenselwig nie. Die dier uit die aarde het trouens ’n heeltemal onhemelse oorsprong. Hy besit niks van die hemele nie, maar is uit die aarde aards! Hy vind sy oorsprong in die duiwel self. Hy opereer vanuit ’n laer duiwelse orde.

Dis wel ’n orde wat ’n baie groot deel van die mensdom al hoe meer beïndruk. Sommige verklaarders verwys hier ook in die rigting van die wetenskap. Watter wonderlike ontdekkings en moontlikhede het rondom die wetenskap alreeds vir ons oopgegaan. Ons kan praat van ’n kennisontploffing hierdie laaste 20 jaar, dalk nog korter. Baie geheimenisse van hierdie aarde is blootgelê deur die wetenskap en die tegnologie.

Selfs oor die mens se oorsprong en allerhande teorieë oor mense spesies en watter getal mense daar werklik in die begin op aarde was, direk na Adam en Eva geskape was, word al meer bespiegel. Dinge waaroor die vroeëre gelowiges hulle nie mee moeg gemaak het nie, word deesdae al harder en twyfelagtig bedink en bevraagteken. Dik boeke word daarvoor geskryf

sonder om regtig 'n finale antwoord te gee. Daar kom al hoe meer teorieë en filosofiese uitgangspunte uit harde heidense denkpatrone wat sag weggepak in die watte van die dier uit die aarde ons aangebied word. Dis seker ook maar waarna die Prediker skrywer verwys het as ons in Prediker 12 vers 12 lees: *12 En buitendien, my seun, wees gewaarsku; aan baie boeke maak kom geen einde nie, en baie studie is vermoeiing van die vlees.*

Die wetenskap kan op so baie wyses ook vir die gelowige tot voordeel wees en dit is ons tot voordeel. Tog besef ons die dier uit die aarde sal in sy gestalte en hoe hy verskyn beslis ook hierdie moderne wetenskap tot sy voordeel wil gebruik. Dit laat ons vandag rondom ons tweede gedagte dit uitgebreid stel:

Die werkswyse en die werk van die valse profeet:

Reeds het ons gesien hoe Satan in alles probeer om God te wil naboots. Selfs God se Drie-eenheid maar nou doen hy verdere dinge. God se almag word nageboots in die vuur wat van bó kom. Daarin probeer hy wat Satan is hom as 'n vader-figuur voordoen maar in werklikheid is hy die vader van die leuen (vgl. Joh. 8:44). In die dier uit die see, hy wat die antichris is word die Messias nageboots. So asof hy bó die mensdom verhef kan word en hy die rol van 'n messias en verlosser in die wêreld kan oorneem. Dit is hy wat aanbid wil word. In die manier hoe die dier uit die aarde werk sien ons hoe Satan probeer om die werk van die Heilige Gees na te boots. Ons lees nie verniet in vers 15- die ouer vertaling: *15 En dit is hom gegee om 'n gees aan die dier se beeld te gee, sodat die dier se beeld ook sal praat en maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie.*

Wat ons moet opval is dat die valse profeet se grootste offensief altyd sal wees op die terrein van die godsdiens. So sal hy ook voluit op die terrein van die kerk wil beweeg. Hierin gebruik hy graag die wetenskap van die teologie. Hy laat die mense al hoe meer twyfel oor die dinge wat God van Homself in sy Woord openbaar. Dan begin mense glo dat die Bybel maar 'n menseboek is wat net oor God praat maar dat God Self vanuit sy Woord aan die woord is word nie aanvaar nie. Ons besef as die valse profeet dit kan regkry om die gesag van die Woord af te takel en daar word op al meer aardse maniere oor die Woord van God gedink en praat waar eindig dit?!

Dit eindig by die mens wat op sy eie vernuf en wetenskap al meer wil staatmaak. Die ou leuen van Satan wat hy al vir Eva oorvertel dat die mens sy eie god kan wees, word maar net weer en weer geglo. Elke keer wil die valse profeet juis die kerk gebruik om die leuen net dieper die wêreld en mense se harte in te dra. Preekstoele is baie keer die manier en plekke waar die werk van die valse profeet die duidelikste gehoor kan word. Dit sluit ook weer aan by wat ons by die dier uit die see al verlede Sondag gehandel het dat hy in die tempel van God as God sal wil sit en voorgee dat hy God is (2 Tess. 2:4).

Om dit reg te kry gebruik hy veral twee dinge. Valse prediking en wondertekens. Daarmee is die valse profeet reeds besig en maak hy so baie kerke ook niks anders as valse kerke nie. Wanneer ons al meer preke hoor, weg van God se Woord, wat bly oor? Dan word prediking niks anders as moraal prediking met baie sede lessies daarin gebou. Die mens se regte en sogenaamde menswaardigheid is waarmee ons heeltyd mee moet rekening hou. Aanhoudend moet die gemeente dan net hoor hoe goed ons moet lewe en hoe oulik hierdie of daardie strategie in gemeentebou kan werk of al gewerk het. Dis die mense wat vir jou sê dat die mens, ja elke mens is eintlik inherent baie goed en jy moet net leer hoe om hierdie natuurlike goeie in jou net meer te waardeer en uit te bou. Terwyl God se Woord in die woorde van Paulus dit heeltemal andersom leer. Die goeie wat ek dalk wil, doen ek nie, en die kwaad wat ek nie wil nie, juis dit doen ek!

Ons as mense as ons onself aan die hand van Romeine 3 leer ken dan is dit alles behalwe 'n sagte gefluister in ons ore hoe goed ons is. Intendeel staan in Romeine oor elke mens geskrywe-
10 ... Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie. 11 Daar is niemand wat verstandig is nie, daar is niemand wat God soek nie. 12 Hulle het almal afgewyk, saam het hulle ontaard. Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie. 13 Hul keel is 'n oop graf, met hul tonge pleeg hulle bedrog, die gif van adders is onder hulle lippe. 14 Hulle mond is vol vervloeking en bitterheid. 15 Haastig is hulle voete om bloed te vergiet. 16 Verwoesting en ellende is in hulle paaie, 17 en die weg van vrede ken hulle nie. 18 Daar is geen vrees van God voor hulle oë nie.

Dit is beslis nie wat mense wil hoor nie, maar wat die waarheid is, is die waarheid en dit is wat verkondig moet word. Nie die stroperige goed-voel boodskappe van die valse profeet nie, maar

juis die besef hoe nodig ek Christus het. As dit nie Christus en Hy alleen is nie, dan is ek werklik verlore, totaal verlore. Inderdaad soos die vroeëre teoloog Herman Friedrich Kohlbrugge dit ook gestel het- DIE MENS 'N NUL, CHRISTUS ALLES! Die valse profeet draai dit om dat die mens die ALLES word en Christus eintlik maar net 'n aanhangsel en soort van 'n redding in nood, as dit sou wees ek Hom nou regtig gaan nodig kry.

Dit is waarom ons vanaf hierdie kansel en in hierdie Kerk nie 'n ander boodskap mag verkondig en mag hoor soos Paulus dit ook in 1 Kor. 2:2 dit stel- *2 Ek het my voorgeneem om met julle oorniks anders te praat nie as oor Jesus as die Christus, en wel oor Hom as die gekruisigde.*

Dit is die enigste waarmee ons die werkswyse en die werk van die valse profeet mee kan teëgaan. Die prediking moet in die werk van die Heilige Gees gedoop wees om die baie valse boodskappe en boodskappers van ons tyd bloot te lê. Sonder die Heilige Gees kan ons nie verder nie, maar besef ons in alles is die valse profeet juis die groot teenstander van die Heilige Gees. Soos die antichris die groot teenstander van Christus is so is die valse profeet die een wat die Heilige Gees in alles wil teëgaan.

Mag dit wees dat soos wat alles vir ons om Christus moet wentel so moet ons oortuig wees ons kan alleen in die krag van die Heilige Gees voortgaan. Mag ons hemelse Vader ons daartoe in staat stel. Mag ons besef die dodelike wond die antichris toegedien is genees en dit maak juis dat die ware kerk al meer wonde sal opdoen.

Daarom mag dit ook wees dat ons nie verbaas staan en selfs verbysterd wees by die groot tekens wat Satan en sy helpers die wêreld mee beïndruk nie. Vers 13 stel dit aan ons: Die valse profeet sal altyd ons aandag wil vestig op die groot tekens, selfs wondertekens wat die antichris doen. Dis dinge waarmee die bewoners van die aarde mislei word. Dit raak 'n diep verstrengelde antichristelike wêreld as ons dan ook lees dat die valse profeet met 'n beeld in hierdie wêreld vorendag sal kom wat kan praat.

Vv. 14 – 15 beskryf dit- *14 Aan hom is daar mag gegee om wondertekens namens die dier te doen, waardeur hy die bewoners van die aarde mislei. Hy sê die bewoners van die aarde ook aan*

om 'n beeld op te rig vir die dier wat die litteken van die slagmes het en wat weer lewend geword het. 15 Aan hom is daar ook mag gegee om asem in die dier se beeld te blaas, sodat die beeld kan praat en almal kan laat doodmaak wat nie die beeld aanbid nie.

Dis eintlik so 'n raak beskrywing van hoe die ouer mense na 'n TV verwys het as 'n beeldradio. Totius het in sy dae al oor tegnologie hardop begin nadink, vir hom was 'n draadlose telegram al wonderlik. Vandag weet die meeste van ons kinders nie eers wat 'n telegram is nie, tog was dit al vir Totius iets van 'n beeld wat praat, maar daar is nie drade nie. Ons is al verby die TV! Hoe wonderlik TV, die internet en Facebook en Instagram, noem maar op, kan wees, dit weet ons, dit is ook nie eers meer vir ons snaaks nie. Dis aanmekaar beelde wat met ons praat. U weet self hoe baie mense baie dae en ure voor 'n TV deurbring. Daar is ook wonderlike dinge, tegnologie in belang van die koninkryk van God wat deur die internet en TV en selfs 'n lewendige uitsending van hierdie erediens vandag orals in die wêreld kan gebeur., M.a.w. die beeld wat kan praat is op sigself nie waar die gevaar lê nie. Die gevaar kom by wat die valse profeet met hierdie pratende beeld hom mee voorneem en wat hy ook deur die TV en internet en al die wonderlike middele tot ons beskikking kan regkry.

Die goeie is daar wel maar die slegte word net meer en meer. So baie nuwe fliëks en dit wat werklik by die oorgrote meerderheid so dikwels die grootste aanhang kry is waar die Here se Naam gelaster word en die huwelik as instelling afgebreek kan word en vrye liefde en seks eintlik as die mees alledaagse voorgehou word. Die beeld wat praat wys baie prentjies wat die gelowige mens hom/haar meer dikwels moet afvra watter rol het hierdie pratende beeld nie alreeds in my lewe my denke verander en ek al hoe meer aards begin dink en lewe nie. Ons sou baie nog hieroor kon uitbrei maar in aansluiting hiermee waar ons wou handel oor die valse profeet se werk en werkswyse het ons ook in die laaste plek te make ...

Die valse profeet se getal:

Die valse profeet kan die media en die tegnologie so tot sy diens gebruik. Die Here het ons daarteen gewaarsku en moet ons in dieselfde konteks kan leer om juis die media en die tegnologie wel in diens van die koninkryk te gebruik. Dit mag ons nie verloor nie, want trouens gawes wat van die Here kom word juis deur die satan geëweld om dit tot sy diens om te buig. So bly hy 'n na-aper van God wat selfs God se gawes wil na-aap en misbruik. Selfs ook as dit gaan

om die getal waarmee God werk en wat in Openbaring dikwels voorkom as die getal sewe. Alles in Openbaring het begin met sewe briewe aan sewe gemeentes, daarna was daar sewe seëls wat oopgebreek is, daarna sewe trompette wat oor die wêreld geblaas is, alles elke keer aan die getal 7 verbind. Daar kom ook nog sewe bakke of sewe skale van God wat oor die wêreld uitgegiet sal word. Wanneer ons die getal sewe direk aan God in sy Drie-eenheid verbind dan is dit eintlik net logies dat die getal van die Here sal dan 777 wees.

Vandag hoor ons en daarmee werk die dier op die aarde dat hy ekonomies en selfs sakramenteel 'n gevaarlike kombinasie gaan vorm. Sakramenteel is dit gevaarlik as Satan kom en hy sy merk op mense wil plaas waar ons reeds deur die doop die merk van Christus dra. Satan kom en hy wil mense 'n merk laat dra wat die handelsname in die wêreld moet oopsluit. Sonder hierdie merk word handel vir alle mense, groot en klein, ryk en arm, vry of in slawerny, ja wat jou bankrekening of stand ook mag wees, satan wil daarvoor ook beheer uitoefen.

Die media met die pratende beeld en die geldmag met die handelende merk is samewerkende faktore wat jou en my lewe direk beïnvloed en al hoe meer kan beïnvloed. Jy moet die merk dra, die merk wat een van twee dinge is, jy moet of die naam van die dier dra of jy moet met sy getal gemerk wees, anders word jou eie ekonomiese bestaan op skaal geplaas waar my afgemete deel ingekort of selfs opgeskort kan word. Ons sluit af sonder om te veel hieroor te bespiegel dat die getal van die dier nooit by God se getal gaan uitkom nie, maar dat dit wel baie naby God se getal gaan wees, so naby soos die 6 aan 7 kan wees. So naby gaan Satan met sy nabootsing van God se middele vorder, selfs ekonomies waar die ekonomie ook in diens van God moet staan, wil Satan dit ook sy eie maak, maar hy kom net by 666 uit en nie by 777 nie. Dis wel gevaarlik naby!

AMEN